



KOPSTORIES

Dr F van Zyl Slabbert
1998

1. Dikwels verklaar ons die hede in terme van die toekoms; m.a.w. ons vind 'n oorsaak vir iets wat nou gebeur in iets wat nog nie gebeur het nie. Dit is veral so in Godsdienstige verklarings. God se plan of wil met die wereld neem sy onvermydelike gang; die mens tree nou so op, of die geskiedenis neem 'n bepaalde verloop omdat God 'n plan het met die wereld. Daarom is daar sin en doelmatigheid in wat nou gebeur, 'al verstaan ons dit nie'. Maar hierdie soort verklarings is nie beperk tot Godsdienste nie. Historiese determinisme, politieke en ideologiese doelmatige verklarings is logiese variasies op dieselfde tema. Wanneer gepraat word van die geroopenheid van 'n volk of die historiese verantwoordelikheid van die werkersklas, of die noodsaaklikheid van 'n heersersklas om hulle plig na te kom, is daar 'n element van 'n toekomstige onvermydelikheid wat oorsaaklik ingryp op wat nou gebeur.

2. Die feit is dat die logika van doelmatige of teleologiese verklarings, ingebou is in meeste van ons verduidelikings van alledaagse gebeure. "die doel van die hart is om bloed deur die liggaam te pomp." Is die doel die oorsaak van die hart se pompery, of is die pompery die oorsaak dat bloed deur die liggaam vloei? "Wat is die funksies van die lewer, pancreas, niere, longe ens.?" In biologiese verklarings kan ons gebruik maak van 'n ewilibrum model waar 'n verskeidenheid van interafhanklike dele bydra tot die werking van die sisteem in sy geheel. Mits ons die sisteem verstaanbaar omskryf, kan ons toetsbare omstandighede skep waar vasgestel kan word of 'n bepaalde organ wel 'n bydrae maak tot die werking van 'n sisteem, aldan nie. So kan ons bv. sê dat as die liggaamstemperatuur varieer buite 'n minimum of maksimum aantal grade sal die lewe ophou bestaan, en dan kan ons gaan vas stel watter bydrae die longe, hart, niere, pancreas, ens. ens. maak om die temperatuur binne daardie grense te stabiliseer. Is die doel van hierdie organe om die lewe aan die gang te hou, of word die lewe aan die gang gehou omdat die organe werk soos wat hulle werk?

3. Daar word heelwat geargumenteer oor verantwoordbare en onverantwoordbare teleologiese verklarings. Verantwoordbare teleologiese verklarings, in die wetenskaplike sin van die woord, is verklarings wat onderwerp kan word aan toetsbare omstandighede deur verskillende onafhanklike persone, m.a.w. hulle is onafhanklik verantwoordbaar in die sin dat hulle nie afhanklik is van die geloof, emosie of gevoel van 'n bepaalde persoon of groep van persone die. Daar is diegene wat beweer dat daar, in hierdie omstandighede, uiteindelik nie enige betekenisvolle verskil is tussen teleologiese verklarings, en gewone oorsaaklike verklarings nie. Maar hoe toets 'n mens die volgende uitsprake? "Die toekoms is in God se hande."

“Die geskiedenis neem sy voorafbepaalde gang.” “Die Afrikaner is geroep om sy taak aan die suidepunt van Afrika te volbring.” “Die werkersklas het die historiese verantwoordelikheid om die onvermydelike revolusie tot 'n klaslose samelewing te lei.” “Mens kan homself net uitleef binne sy groepsverband.” “Die wil van Allah sal sy onvermydelike gang gaan in die stryd tussen gelowiges en ongelowiges.” In all hierdie uitsprake is daar oenskynlik 'n toekomstige determinisme ingebou, asof 'n voorafbepaalde plan die oorsaak is vir die gebeure wat nou plaasvind. 'n Mens sou kon redeneer dat die plan nie die oorsaak is nie, maar mense se geloof in die plan. Maar dit ontnem die plan van sy verklarende krag en sy romantiek. Elkeen kan glo waarin hy wil, en die geloof kan lei tot 'n wye reeks uiteenlopende optredes. Maar dit is nie so opwindend as om te sê dat jou geloof selfs veroorsaak word deur 'n plan, wat onvermydelik tot 'n volvoering gebring gaan word nie. Punt is net, dat as genoeg mense 'n dergelyke geloof in uiteenlopende planne oor dieselfde toekoms het, daar al die bestanddele teenwoordig is vir stryd en ongelukkigheid. Dit is die fundamentele ingeboude konflik in monoteïstiese Godsdienste wat dit as hulle heilige plig beskou om die wereld vir hulle God te verower.

4. Maar, soos reeds op gewys is, in maatskaplike diskoers is teleologiese verklarings nie beperk tot die godsdiens nie. Mens kan praat van 'n sekulêre teleologie waar 'n bepaalde uitkoms in die toekoms gepostuleer word, en waaraan verklarende krag toegeskryf word vir kontemporêre gebeure. Kommunisme, fassisme, nasionalisme, kapitalisme is sekulêre ideologieë wat dikwels 'n sterk teleologiese element in hulle voorspellings bevat. Daar is 'n emosionele, en selfs intellektuele appel in die gedagte dat mens in pas is met die toekoms and dat jou belange na opgesien word deur 'n onvermydelike verloop van sake. Teleologiese verklarings, hetsy godsdienstig of sekulêr, bevat dus 'n sterk eskatologiese dimensie, 'n toekomsverwagting. Godsdienste en ideologie kan ook vervleg raak in bv. 'n volksgodsdiens. “Die volk is geroep om God se wil uit te voer.” Maak nie saak wat met die volk gebeur nie, armoede, teenspoed, geluk, voorspoed – alles kan begryp word in verhouding tot hoe aan God se roeping voldoen word. Die probleem met Godsdienstige of sekulêre eskatologie, is dat hulle nooit verkeerd bewys kan word nie; hulle bly genoegsaam selfverklarend onder alle omstandighede; hulle is volledige toutologiese. God en die geskiedenis kan hulleself nie verraai nie.
5. Die algemene aantreklikheid van teleologiese verklarings is dat hulle voorgee om die probleem van betekenis of sin aan te spreek. Tussen die toevalligheid van geboorte en die onvermydelikheid an die dood, worstel mense met die uiteindelijke “hoekoms” en “waaroms” van die lewe; soek mense troos, versekering en sin. Niks gee meer vertroosting as die versekering dat die onvoorspelbaarheid van die toekoms oorheers word deur die kennis wat ons het om dit te bemeester nie. En hierdie onvoorspelbaarheid is nie van dieselfde kwaliteit as wetenskaplike onvoorspelbaarheid nie. Maak nie saak

hoe groot die kennis is wat dit opgebou het nie, dit kan geen algemene aanvaarbare verklarings aanbied vir die sin my geboorte nie, en waarom ek moet doodgaan nie. Dit is hier waar teleologiese verklarings intree, en geloofskennis aanbied as wetenskaplike feite. Dit is fatsoenlik om te sê dat wetenskap, ideologie en godsdiens nie gemeng moet word nie, maar in die alledaagse omgang tussen mense word teleologiese verklarings en eskatologiese verwagtings gelaai met die beloftes van wetenskaplike geldigheid. Niemand gaan sien 'n waarsêer, sterrwikkelaar, teebaarleser sonder 'n greintjie hoop dat die toekoms 'n bietjie meer toeganklik gaan word nie, of raak bekeer sonder die verwagting dat "God se beloftes oor die ewigheid" nie waar gaan word nie. Dit is hierdie hoop en/of verwagting wat ten grondslag lê van uitsprake soos: "Dis 'n bestiering", "So gebeur dinge maar", "Alles het 'n oorsaak", "Moet nie die noodlot tart nie". Dit is hierdie houding wat die indruk skep dat die plan die boer maak, en nie die boer die plan nie.

6. Miskien is dit vir mense nie moontlik om sinvol te lewe sonder onverantwoordbare verklarings van die werklikheid nie. 'n Doelose en planlose evolusionêre verklarings van die wereld ontketen hewige reaksie, en wanneer dieselfde logika oorgedra word tot 'n soort maatskaplike Darwinisme, waar dit geneties bepaal word dat slegs die sterktes sal oorleef, onafhanklik van mense se geloof in die toekoms of morele gebondenheid, is die algemene gevoel een van weersin in die sinloosheid van alles. Maar teenoor hierdie weersin moet opgeweeg word die gevolge van 'n dogmatiese en verbete geloof in die onvermydelike ontplooiing van God se plan: veral as jou God nie my God is nie, en hulle albei verskillende planne het met dieselfde wereld; of jou volk nie my volk is nie en hulle onderskeie mense 'n historiese verantwoordelikheid het om mekaar uit te wis. Was die doelmatige element van 'n Apartheid logika nie presies dat die Blanke(Afrikaner) volk geroepe is aan die Suidpunt van Afrika om die andere volkere tot afsonderlike volwassenheid te lei nie? En is dit nie dieselfde logika wat ten grondslag lê van die historiese verantwoordelikheid van die werkersklas om die wereld tot 'n klaslose samelewing te lei nie?
7. Die voorbeelde wat sovêr gegee is lyk nie besondere gesofistikeerd nie, maar die invloed van teleologiese verklarings in hoogs abstrakte en teoretiese verklarings van die maatskaplike werklikheid is redelik wydverspreide. Gewoonlik is dit een of ander variasie van sisteem teorie wat gebruik word om 'n analitiese raamwerk te skep waarbinne ekonomiese gedrag of probleme van order in die samelewing verklaar word. 'n Sisteem word gepostuleer waaraan sekere sistemiese doelstellings toegeskryf word en dan word gebruik, geleen vanuit biologie, om te verduidelik hoe sekere maatskaplike 'organe'; 'n bydra lewer tot die werking van die staat of gemeenskap of 'die mark' ens. Op die manier kan dan gekyk word na die 'funksie' van misdaad, afwyking, pryskommelings or dergelyke maatskaplike prosesse vir die samelewing as groter 'organisme'. Dit is die voorkoms van 'n passielose,

'objektiewe' analise van die samelewing, geklee in hierdie biologiese retoriek, wat 'n kwasi wetenskaplike geldigheid aan die analise verleen. Die verskil is egter dat in biologie kan daar duidelike toetsomstandighede geskep word, waaronder voorspel, en verklaar kan word, wanneer 'n organiese sisteem tot niet sal gaan, of een van sy organe nie meer sal funksioneer nie. Op aard dat 'n sisteem ophou werk as sy dele nie meer bydra tot sy integrasie nie, of 'n deel van die samelewing sal ophou funksioneer wanneer dit nie meer 'n bydrae lewer tot die geheel nie.

8. Maar is die prysgee van 'n onverantwoordbare teleologie, onvermydelik 'n sinlose wereld? Die feit dat ek nie die finale antwoord het nie beteken nie dat daar hoegenaamd geen antwoord is nie. En as ek nie 'n moraliteit kan bou op absoluut voorspelbare geloofsekerhede nie, beteken dit dat ek sondermeer immoreel or ammoreel moet lewe? Hoekom kan mens nie verantwoordelikheid aanvaar vir jou eie morele standpunte nie? Is dit nie beter om jouself ombelemmerd te aanvaar as die finale bron vir jou oortuigings en oordeel sonder om die skuld of verantwoordelikheid te pak op God, die geskiedenis, etniese verband, klasposisie of 'sisteem' nie? Daar is te veel gruwelikhede in die geskiedenis waar mense die oorsaak of verantwoordelikheid verplaas het op magte en kragte buite hulle beheer. Dit is 'n wereld waar individuele feilbaarheid en foutmaak verdwyn en aanspreeklikheid gerelativeer word tot omstandigheid, konteks of maatskaplike verband. Almal raak welsprekend oor wat verantwoordbaarheid beteken maar niemand wil toerekenbaar wees nie.

9. Ek staan diep skepties teenoor teleologiese verklarings, hetsy van morele of 'n sg. wetenskaplike aard. Daarom is ek agterdogtig teenoor enige ieologie, godsdiens en/of analitiese skema wat mense daarvan onthef om verantwoordelikheid te aanvaar vir hulle oordeel en optredes. Die soort samelewing waarin ek wil woon, en waarvoor ek bereid is om te werk, en selfs op te offer is een waar geen buitemenslike intellektuele krukke nodig is om sin te maak van my bestaan, die werking van die gemeenskap of die verloop van die geskiedenis nie. Die deurlopende deug in die soeke na kennis en betekenis is twyfel, 'n onverpoosde terugkeer na vraagstelling en verklarings. My waardes en etiese oordeel moet weer en weer getoets word aan my ervaring en optrede. Niemand moet my ligter vind in terme van hulle, as ekself nie. Belydenis en apologie is nie 'n voorvereiste vir vergifnis nie. Vergifnis is die prerogatief van die benadeelde en staan onafhanklik van my eie aanspreeklikheid. Ek vra verskoning omdat ek myself te na gekom het, omdat ek my eie verstand en oordeel misbruik het. Of my moraliteit was gebrekkig of ek het teenstrydig daarmee opgetree. Maar dit is feitlik onmoontlik om dit agter te kom as ek vooraf bepaal dat my oordeel en optredes gebasseer is op waardes en standarde wat buitemenslik bepaal is, of die resultaat is van 'n maatskaplike sisteem waarvan ek slegs 'n onwetende verlengstuk is.

10. Ek weet dat die verskynsel van kulturele verskeidenheid hierdie stellingname problematies maak. Konsepte soos eer, waagmoed, eerlikheid, **op etiese vlak** en waarheid, geldige kennis en betroubare voorspelling **op verklarende vlak** is gelaai met kultureel relatiewe betekenis. Dit is waarskynlik een van die oorsake van postmodernistiese pessimisme en nihilisme. Maar kulturele relativisme is nie gelyk te stel aan intellektuele relativisme nie, ten spyte van die feit dat 'n bepaalde intellektuele tradisie bv. wetenskap, sterker in sekere kulturele tradisies gedy het as in ander. Dit is 'n illusie om te soek na 'n totaal kultureel onafhanklike analitiese posisie waarvandaan ek die waarheid en morele geldigheid van alle kultureel relatiewe posisies kan beaam, insluitend my eie; dit is die finale kulturele arrogansie. Daarom is dit sondermeer vir my 'n gegewe dat ek, vanuit 'n altyd vernuwende kulturele posisie, bely dat ek verantwoordelik is vir my eie oordeel en optrede en dat niemand daarvoor te blameer is as ekself nie. So sal hulle my soek en so sal hulle my kry.